DIE

STEENKAMPS

VAN

SUIDELIKE-AFRIKA

BLADWYSER.

	Bladsy.
Inleiding	1-11
Noemenswaardige Stukkies en Brokkies	1-11
Nageslag van b.7	12-54
Nageslag van b.8	55-104
Nageslag van b.10	105-140
Nageslag van b.11	141-218
Nageslag van b.13	218(a)-254
Besonderhede Aangaande Uitstaande Gegewens	255-269
Lys van Steenkamp Mans	270-301
Lys van Meisies wat met Steenkamps getroud is	302-332
Lys van Mans wat met Steenkamp Meisies getroud is	333-364

I N L E I D I N G .

Dit sou vir die opsteller van 'n geslagsregister voorbarig wees om te probeer voorgee dat hy 'n produk kan lewer wat ontbloot aan enige gebreke is. Foute, misplasings en verkeerde spelling van name moet noodwendig deur vangenote ontdek word en in sodanige gevalle sal die opsteller dit waardeer indien hy daarvan verwittig kan word sodat die nodige regstellings kan geskied.

Die opstel van 'n register verg soms jarelange navorsing om die nodige gegewens daarvoor te bekom.

Skrywer wil sy dank teenoor mnr. August de Villiers Cluver betuig wat met die navorsingwerk begin en hom sodanig daartoe geinspireer het dat hy in staat was om hierdie werk voort te sit. Skrywer is daardeur op die regte wee geplaas en was dit nie vir mnr. Cluver nie, sou die opstel van die register nog moontlik vir baie meer jare vertraag gewees het.

Die wee van 'n navorser is ook maar met dorings besaai en gelukkig was die dorings baie minder as die goedgesindheid wat skrywer van verskillende Kerkowerhede, argivarisse en ander ontvang het. Die hulp wat hulle verleen het word hoog op prys gestel. Die blanko bladsye agter-in die boek is bedoel om naamgenote in staat te stel om aanvullende besonderhede rakende hulle eie familie aan te bring. Die opsteller wys graag daarop dat in die Bybelse dae die mensdom meer daarop gesteld was om 'n rekord van die geslagte te bewaar want die eerste Hoofstuk van Mattheus, veral vers 17, lewer bewys dat 42 geslagte vanaf Adam tot by die geboorte van Christus, geskied het.

Dit is jammer dat so min mense in hulle voorouers belangstel. Aan skrywer is dikwels gese dat dit meer belangrik is wat jy is en nie waarvandaan jy kom nie. Die gesegde wat egter 'n groter indruk op 'n mens behoort te maak, is wees trots op jou voorouers. Hoe kan jy trots wees as jy nie weet wie hulle was of hoe hulle presteer het nie. As in ag geneem word dat die stamvader van die Steenkamps in Suidelike Afrika vroeg in die 18de eeu na die land ge-emigreer het, toe die wereld nog wild was, is in sigself al iets om oor trots te wees. Uit sy nageslagte was daar Voortrekkers wat ontberings getrotseer het en uit die vroulike geslag het mense soos President Kruger die lig gesien.

ln die gedeelte waar daar noemenswaardige stukkies en brokkies voorkom, moet hier beklemtoon word dat alleen bekende gevalle behandel kan word. Heelmoontlik is daar nog baie ander gevalle wat noemenswaardig is.

Teleurstellend was dit egter dat van al die briewe wat aan naamgenote uitgestuur was, slegs 'n klein persentasie dit goed gevind het om daarop te reageer. Enige verskille tussen die boek van de Villiers "Geslagregister van Kaapse families" en die wat nou uitgegee word, moet toegeskryf word aan die feit dat de Villiers se boek eers na sy dood voltooi was en foute of uitlatings was onvermydelik. Skrywer kan egter die versekering gee dat waar daar verskille is dit noukeurig aandag geniet het en kan die huidige weergawe as juis aanvaar word.

Skrywer sou graag nog meer navorsingswerk gedoen het voordat die register gepubliseer word, maar voel dat op sy ouderdom - nou in sy 74ste jaar — verdere vertraging nie geregverdig is nie.

Die taak om uitlatings aan te vul en verbeterings aan te bring, moet aan die volgende geslagte oorgelaat word. Hulle is dit aan die nageslagte verskuldig.

Enige bykomende gegewens wat aan die opsteller gestuur word sal bewaar en aan die Staatsargief of Akademie van Kuns en Wetenskap bemaak word waar belangstellendes dit kan raadpleeg.

Oktober, 1969.

NOEMENSWAARDIGE STUKKIES EN BROKKIES.

DIE STAMVADER EN STAMMOEDER IN SUID—AFRIKA.

Die vroegste vermelding van 'n Steenkamp in Suid—Afrika is op Oktober 14, 1714 toe Jan Steenkamp in die huwelik met Geesje (Gesina) Visser, gebore 1 September, 1686 in Kaapstad, bevestig is. Hulle het twee seuns en twee dogters verwek. Daar kon geen gegewens opgespoor word dat die twee seuns, by name Jan, gedoop 18.9.1718, en Gysbert, wat op dieselfde dag gedoop is, ooit in die huwelik getree het nie. Waarskynlik is hulle altwee jonk oorlede en dus is Geesje Visser nie die Stammoeder van die Steenkamps in Suid—Afrika nie. Die een dogter, naamlik Margaretha, is op 1.9.1715 gedoop en sy is met Floris Smit getroud, en die ander dogter, Johanna, is op 4.10.1716 gedoop en is op 26.4.1739 met Gerrit Nieuwoudt getroud. Geesje (Gesina) Visser is gedurende 1719 of 1720 oorlede en die Stamvader is toe vir die tweedekeer op 19.5.1720 met Jannetjie van Eck in die Gemeente Drakenstein (Paarl) getroud. Die twee het tien kinders verwek en hulle name is soos hieronder aangedui. Gerieflikheidshalwe sal die kinders uit die tweede huwelik vanaf 5 genommer word aangesien die vier kinders by die eerste vrou alreeds gemeld is.

5. Jan, gedoop 19.10.1721. Hy is waarskynlik jonk oorlede.

6. Gesina (Geesje), gedoop 4.7.1723. Sy is die eerste keer op 11.10.1739 met Jan La Buscagne getroud en die tweede keer op 18.12.1754 met Jan Nel.

7. Jan Harmen of Johannes Harmen. Sy nageslag verskyn op Bladsye 12 tot 54.

8. Casper Jan Hendrik, gedoop omtrent 1726. Ongelukkig kon sy doop nie in die vroeere Kerkregisters opgespoor word nie, maar in sy Moeder, Jannetjie van Eck, se Boedelrekening wat op 14.12.1772 ingedien was, noem sy haar seun Casper as een van haar erfgename. Sy nageslag verskyn op Bladsye 55 tot 104.

9. Anna, gedoop 30.3.1727.

10. Lucas. Sy nageslag verskyn op Bladsye 105 tot 140.

11. Willem. Sy nageslag verskyn op Bladsye 141 tot 218.

12. Arie Dirk gedoop 19.9.1734. Daar is geen nageslag van hom nie.

13. Gerrit. Sy nageslag verskyn op Bladsye 218(a) tot 254.

14. Floris, gedoop 22.3.1739. Daar is geen nageslag van hom nie.

Die Stamvader is omtrent 1744 oorlede en sy weduwee, Jannetjie van Eck, is toe weer op 2de April, 1747 met Johann Heinrich Teutmann getroud. Sy en haar tweede eggenoot, saam met haar dogter Antie (Anna) is gedurende 1772 aan die grens van die Roggeveld deur Boesmans vermoor.

Die Stamvader was die eienaar van die Plaas, "Het Slot" van die Paardberg, distrik Drakenstein — Groot 60 morge 152 vierkant roede — wat op 4 April, 1715 aan hom oorgedra is. Eienaarskap het deur die jare gewissel en die huidige eienaar (gedurende die jare 1950) is Michiel Smit Basson.

Alhoewel in die vroeëre inskrywings alleenlik die naam Jan gebruik was, is daar latere bewys dat die Stamvader se volle naam Jan Harmensz is. In die Boedelrekening van Jannetjie van Eck wat gedurende 1772 ingedien was, is die name van haar vorige eggenoot neergeskryf as Jan Harmensz Steenkamp.

Volgens de Villiers se geslagsregister van Kaapse families het die Stamvader vanaf Nieuwkerk gekom. Nieuwkerk wat in België geleë is, is heel moontlik 'n drukfout vir Nijkerk wat in die Provinsie Gelderland, Nederland gelee is. Daar is wel 'n klein dorpie Nieuwkerk in Nederland.

Daar is onlangs vanaf 'n Mev. Juriaanse (gebore Steenkamp) van Buurtweg 42 Leersum, Nederland, 'n fotostatiese afdruk van die Genealogiese Register van Nederland ontvang. Die afdruk is nie van veel hulp om vas te stel uit welke deel van Nederland die Stamvader in Suid-Afrika afkomstig is nie. Die genealogie (Sedert die vesting in Nederland) is as volg :-

> "Frederik Steenkamp, kwam as ruiter vanuit Minden (Duitsland), te Hoorn (Nederland) lidmaat der Luth. Gemeente te Hoorn, 1 Oktober, 1733, trouw Anna Engel."

In die voetnota verskyn die volgende :-

> "De naam Steinkampf komt in 't laatst der 17de en het begin der 18de eeuw in die oude Kerkregisters van Minden voor. Enig verband tusschen die personen en den hierboven genoemden stamvader is niet vast te leggen. In St Martini te Minden werden de volgende kinderen gedoopt van Pieter Steinkampf, "Soldat". Den 18 en Juli, 1697 Anna Margaretha; 18 Augustus 1689 (moontlik 'n misdruk vir 1699) Dorothea; 26 Mei 1701 Peter Albert; 5 November 1702 Anna Elizabeth. Den 11 en Februari, 1714 huwden Peter Steinkampf "Afgedankte Soldat", met Ilsabe Maria Timmermans Von Volmerdingen. Op 5 Juli 1715 werd den Conrector te Minden Conrad Bernhard Steinkampf eene dochter geboren.
>
> Ook met de in Transvaal gevestigde familie van dien naam is geen verwantschap aan te wyzen."

Die afstammelinge van Frederik Steenkamp verskyn dan verder in die Genealogiese lys. Sy oudste seun was Frans Wilhelm Steenkamp gedoop Hoorn 8 November, 1735 begrawe Bergen—op—Zoon 27 April, 1789: trou Hoorn 25 April, 1762 met Appolonia Weyt geb. Cassel by Bayreuth 3 Junie 1739 begrawe Bergen—op—Zoon 8 November, 1788.

Dit is ongelukkig dat die doop van Frederik Steenkamp, wat vanaf Minden na Nederland verhuis het, nie in die Kerkregisters van Minden opgespoor kon word nie.

Dieselfde geld ook sover as die doop van die Stamvader in Suid-Afrika aangaan want in die lys is daar melding soos hierbo aangedui, dat dit nie kan bevestig word dat daar enige verwantskap is met die Steenkamps in Transvaal. Daar kan alleenlik gissings wees dat toe Frederik Steenkamp na Hoorn verhuis het, die Stamvader van Suid-Afrika of sy Vader omtrent dieselfde tyd ook na Nederland verhuis het en dan is dit nog twyfelagtig of die twee, naamlik Frederik en Jan Harmensz, van dieselfde Steinkampf wie se naam in die ou Kerkregisters van Minden (Duitsland) verskyn, afkomstig is.

SPELLING VAN DIE VAN.

In sekere dele van Suid-Afrika word die van "Steenekamp" gespel, maar volgens die gegewens ingesamel is dit duidelik dat die spelling van die van oorspronklik "Steenkamp" was. In een geval gedurende die jare 1833 tot 1838 het 'n sekere Douw Gerbrand Steenkamp, toe hy die eerste keer getroud is, sy van "Steenkamp" geteken, maar met sy tweede huwelik het hy "Steenekamp" geteken.

FAMILIE WAPEN.

Etlike jare gelede het rondreisende Wapenverkopers die land deurreis en sogenoemde familiewapens verkoop. Daar was ook 'n wapen van die Steenkamp geslag maar nou wonder mens waar het die opsteller die wapen wat verkoop was, raakgeloop want volgens inligting deur Dr. Pama ingesamel, stem die wapen nie ooreen met die wat hy laat publiseer het in die Brandwag Tydskrif van 1 Januarie, 1965 nie. Omtrent 1860 het Charles Bell, Landmeter-generaal in die Kaap, by sy ondersoek 'n lakseel gevind waarmee 'n Steenkamp in 1785 (heel moontlik Jan Harmen (b.7, d.7, c.2) 'n dokument, waarskynlik 'n testament gewaarmerk het. Dr. Pama gaan voort en beweer dat genoeg van die lakseel oorgebly het om te laat sien dat die simbool op daardie seel 'n s.g. Oost-Indië Vaarder was d.w.s. 'n skip van die Verenigde Oos-Indiese Kompanje. Hoekom hierdie seël gebruik is, sal ons nooit uitvind nie — aldus Dr. Pama. In Holland is daar geen bronne wat uitsluitsel kan gee nie en ons kan dus net gis of dit die regte wapen was. In elke geval het die persone wat die saamtrek van die Steenkamp geslag in Koppies distrik op 31.12.1964 bygewoon het, besluit om die wapen soos deur Dr. Pama aan die hand gedoen is, te aanvaar.

Op die wapen wat deur die rondreisende verkopers verkoop was, verskyn daar 'n kort beskrywing van die Steenkamp geslag en daarop word gemeld dat die Stamvader driemaal in die huwelik getree het en dat hy op hoë ouderdom met Johanna Hoester getroud was. Dit is definitief foutief want hy was alleenlik tweekeer getroud en sy tweede vrou, Jannetjie van Eck het hom oorleef.

Die naam Johanna Hoester kom voor in die van Eck's se geslagregister, deur de Villiers, en daarin word gemeld dat Jannetjie van Eck se Vader met Johanna Hoester getroud is.

Dit is paslik om te meld dat in die fotostatiese afdruk van die stamregister van die Steenkamp familie in Nederland waarna alreeds verwys is, die volgende beskrywing van die wapen verskyn:-

> "In blaauw een gouden zesberg waaruit drie groen gebladerde en gestengelde, roode roozen opkomen. Helmteken: de roozen. Dekkleeden: goud en blaauw. Wapenspreuk: Res non verba."

Dit stem ook nie ooreen met die wapen wat deur die rondreisende verkopers van die hand gesit is nie.

BUITENGEWONE NAME.

Alhoewel Pretoria eers gedurende 1855 gestig is moet gemeld word dat die voornaam "Pretoria" alreeds gedurende 1818 aan 'n Steenkamp dogter wat op 2.12.1818 gebore is en gedoop in die N.G. Kerk, Beaufort-Wes op 30.5.1820, gegee is. Haar volle name was Johanna Catharina Pretoria en sy was die dogter van Gerhardus Petrus Steenkamp (b.13. c.2. d.2) en Wilhelmina Aletta Bester. Haar ouma op Vaderskant was Johanna Catharina gebore Pretorius en sy het dus na haar ouma geheet en die Latynse woord "Pretoria" in plaas van "Pretorius" gebruik. Sy is tweekeer getroud. Eers met Constantus Petrus Seegers en toe weer met Petrus Johannes Balie.

EIENAARDIGE GEBEURE.

1. Etlike jare gelede het Dr. Frikkie Boltmann L.V. van Burgersdorp en later Kommissaris van Spoorwee vertel dat die plaas waar hy in Calvinia Distrik grootgeword het, vroeëre jare aan 'n Jan Harmse Steenkamp behoort het en dat nie lank na die Engelse die Kaap gedurende 1806 oorgeneem het, die Jan Harmse voor die Hooggeregshof moes verskyn op aanklag van moord. Dit was beweer dat hy twee Hottentotte aangehits het om die Wilde Boesmans wat sy beeste gesteel het agterna te volg en hulle dood te skiet. Hy het 'n beloning van twee Rand aangebied vir elke Boesman wat hulle doodskiet maar dan moet hulle die ore afsny en na hom bring as bewys voor hy hulle sal betaal. So gesê so gedaan en 'n paar dae daarna het elke Hottentot twee ore gebring en die beloning was betaal. Ongelukkig vir die ou voorvader het die Polisie daarvan te hore gekom. Toe die klagstaat aan hom voorgelees was, was hy gevra wat sy pleidooi was "Skuldig" of "onskuldig". Sonder aarseling het hy gese "Skuldig en as die Hof my nie wil glo nie hier is die ore" en hy wys die ore aan die Hof. Die gevolg was dat hy tot nege jare gedwonge arbeid na Robbeneiland gestraf was. Na 'n jaar of so en nadat petisies aan die Goewerneur van die Kaap gerig is, was hy meegedeel deur die owerhede van Robbeneiland dat deur die genade van die Koning van Engeland sy vonnis versag is en hy kan nou huistoe gaan. Daarmee was hy nie tevrede nie en sy antwoord was dat hy geen genade van die vervlakste Engelse wil ontvang nie en dat die Juds hom tot nege jaar gevangenis gestraf het en hy sal nege jaar bly. Hy moes met geweld op 'n skuit geplaas word en is na die vasteland geneem en is terug na sy plaas Soutpan in Calvinia distrik. Volgens Dr. W.P. Steenkamp het die ou voorvader wat bekend was met die bynaam Jan Slaai, van die Kaap af voetgeslaan en op die tiende dag draf hy Soutpan se werf in. Nadat hy sy vrou en kinders gegroet het was sy eerste versoek "Gee my pruimtwak".

Volgens gegewens ingesamel was die Jan Harmse heel moontlik die ou voorvader wat op 3 Mei, 1761 gebore is (b.11. e.4).

Die verhaal soos deur Dr. Boltmann vertel is min of meer deur Dr. W.P. Steenkamp Sr. bevestig in sy bydrae tot die tydskrif "Die Beste" van Mei, 1955.

Dr. Steenkamp se verhaal verskil in die opsig dat volgens hom het die Jan Harmse self die Boesmans geskiet nadat hy Vrederegter Daniel Louw of Daail soos die oumense dit uitgespreek het, geraadpleeg het Dit word verder beskryf dat die ou voorvader die Boesmans bekruip het waar hulle om die vuur in 'n kring sit en dat hy toe losbrand met 'n skoot voorlopers op die klomp peperkoppe. Sewe het daar dood bly le en die ander het laat spaander.

Dr. Steenkamp skryf verder dat op 'n rooi krans op Soutpan vandag nog uitgebeitel staan die voorletters "J H S 1804."

2. 'n Sekere Jan Harm Steenkamp (b.7, c.2, d.3, e.2, f.3, g.3) tans woonagtig in Vryheid het in die driejarige vryheidsoorlog deelgeneem. Die geweer wat hy in die oorlog gebruik het was 'n Mauser en op die kolf daarvan was sy volle name gegrafeer.

In 'n geveg by Makateeskop, Distrik van Utrecht waar die Boeremagte onder bevel van Kaptein Gert Botha, 'n broer van Generaal Louis Botha was, het dié Jan Harm Steenkamp ongelukkig in die hande van die vyand geval. Die geweer was natuurlik gekonfiskeer en hy is na Indië as krygsgevange gestuur.

Onlangs (1969) het 'n sekere Meneer R.N. Hannigan in 'n rommelwinkel in Engeland 'n geweer gekoop en toe hy dit skoonmaak vind hy toe die volle name van Jan Harm Steenkamp daarop. Die Meneer Hannigan is 'n projekingenieur en hy het toe met die Suid-Afrikaanse Ambassadeur in Londen in verbinding getree en ondersoek deur laasgenoemde is gevind dat Jan Harm nou reeds 97 jaar oud, nog leef en stappe word aangewend dat die geweer aan hom terugbesorg word. Dit word vertrou dat die geweer mettertyd 'n ereplek in die Vryheid Museum sal vind.

VOORTREKKERS.

Tussen die Voortrekkers na die Noorde was daar 'n klompie Steenkamps, afkomstig uit die Wyk Tarka wat destyds in die Distrik van Cradock geleë was. Die oudste was Thomas Ignatius (b.7, c.2, d.3) en hy is getroud met Clara Isabella Potgieter 'n suster van Hendrik Potgieter een van die leiers van die Voortrekkers. Sy is op die trek oorlede en hy is toe weer met Anna Elizabeth Retief, weduwee van Dewald Johan Hattingh getroud. Sy was 'n broerskind van Piet Retief en is op die plaas Groenvlei tans Lindley distrik op 9 September, 1891 in die hoe ouderdom van 94 jaar, oorlede.

Ook op die trek was die kinders van Thomas Ignatius se oudste broer Jan Harm (b.8, c.2, d.2) en sy weduwee wat in die tussentyd met Wentzel Christoffel Coetzer getroud is. Die ander broers van Thomas Ignatius naamlik Philippus Lourens, Petrus Stephanus en Barend Willem Jacobus, is ook saam met die trek. Die jongste broer Roelof Christiaan is voor die aan vang van die trek oorlede en sy jong weduwee Heiletjie Levina Etrecia du Plessis is weer met Casper Jan Hendrik Kruger, vader van President Kruger getroud. Die familieplaas van die Voortrekker Steenkamps in die Tarka Wyk is Beestekraal en die naam van die plaas kom nogal voor in die geskiedenis van die opstand wat gelei het tot die teregstelling van vyf burgers op Slagtersnek.

Na die rondswerwing van die Voortrekker Steenkamps, het van hulle in die Rustenburg distrik gevestig en die plaas het ook die naam van Beestekraal gekry.

Kort op die hakke van die Voortrekkers naamlik omtrent 1814, het twee Steenkamps met hulle families uit die distrik Clanwilliam tans Calvinia distrik na die Transvaal verhuis. Hulle was Willem (b.13, c.8, d.4) en Petrus Johannes Dirkse (b.11, c.10, d.2). Willem is met Johanna Margaretha Kotze getroud en dit word vertel dat sy 'n tante van Sir John Kotze was wat gedurende 1877 deur die Suid-Afrikaanse Republiek as Hoofregter van Transvaal aangestel is. Toe die trek na Transvaal onderneem is, het Willem se oudste dogter, wat na haar ouma op moeder's kant geheet het, nie saam gegaan nie. Dit kan wel verstaan word dat die ouma nie van die kind afskeid wou neem nie en het haar toe groot gemaak. Nou wonder mens hoe dikwels die ouers van die dogter haar weer gesien het, as in ag geneem word dat in daardie dae vervoer maar stadig was en die distansie tussen die Transvaal en Calvinia ver is.

GROOT BRAND IN VOORTREKKER LAER.

Uit die gedenkskrif of joernaal van Anna Steenkamp, eers Hattingh gebore Retief, soos verwerk in Afrikaans deur A.G. du Toit en Dr. Louis Steenkamp, vind ons op Bladsye 23 - 25 van die dagboek 'n beskrywing van die groot brand wat in een van die laers op 7 Augustus, 1839 plaasgevind het. Sy meld dat haar man (Thomas Ignatius Steenkamp (b.7, c.2, d.3) swaar brandwonde opgedoen het. Hy het herstel en is eers op 20 Januarie, 1865 oorlede of liewers hy was deur kaffers vermoor. Nog 'n Steenkamp was ook swaar gewond in die brand maar sy name word nie gemeld nie. Volgens die brief wat J.J. Boshoff aan Andries Pretorius geskryf het, het 'n Jan Herman (Harmen) Steenkamp en Jacobus Christoffel Steenkamp in die brand omgekom. Die twee was moontlik broers en seuns van Jan Harmen (b.7, c.2, d.2) wat Veldkornet in Cradock distrik was en oorlede is voor die Groot Trek begin het. Hulle twee is gebore op 9 Januarie 1810 en 18 Augustus 1815, onderskeidelik en was altwee getroud toe die brand ontstaan het. Dit moet ook gemeld word dat kinders wat die twee verwek het, op 1 September 1839 en 15 Maart 1840 deur Eerwaarde Smit gedoop is. In die Doopregister is daar geen aanduiding dat die vaders wie se name in die register genoem is, alreeds oorlede is nie. Dit mag 'n uitlating wees of die datum wanneer die brand ontstaan het mag deur Anna Retief foutief neergeskryf gewees het. Sy skryf verder dat vir omtrent twee jaar daarna d.w.s. na die brand, het hulle stil en rustig en in vrede gelewe tot 6 Mei, 1842 toe Kaptein Smith by Port Natal aangekom het en die Voortrekkers aangeval het. As sy reg was dat vir omtrent twee jaar daar vrede was dan moet afgelei word dat die brand gedurende 1840 en nie gedurende 1839 ontstaan het nie, en dit gekoppel met die feit dat die twee brandslagoffers nog kinders na die brand laat doop het dan blyk dit waarskynlik dat die brand gedurende die jaar 1840 plaasgevind het
.

AANKNOPINGSPUNTE MET PRESIDENT PAUL KRUGER.

Daar is verskillende aanknopingspunte tussen die Steenkamps en President Paul Kruger.

Sy ouma Sophia Margaretha (b.8, c.3, d.1) is 'n dogter van Casper Jan Hendrik Steenkamp en Maria Magdalena Putter en is getroud met Stephanus Johannes Kruger. Hulle seun Casper Jan Hendrik is die Vader van President Stephanus Johannes Paulus Kruger. Na die afsterwe van President Kruger se moeder is sy vader toe weer getroud met Etrecia du Plessis die jong weduwee van Roelof Christiaan Steenkamp (b.7, c.2, d.12). President Kruger se moeder was 'n Steyn en haar suster Catharina Maria Steyn is getroud met Jan Harm Steenkamp (b.8, c.1, d.6). Die twee was getuie met President Kruger se doop. 'n Ander suster van die President se moeder is getroud met 'n halwe broer van Jan Harm naamlik Casper Jan Hendrik Steenkamp (b.8, c.1, d.11).

KOMMANDANTE.

KOMMANDANT PETRUS ANDRIES STEENKAMP.

In my jong dae het ek die eer gehad om Petrus Andries Steenkamp, bekend as Oom Piet, te ontmoet toe hy al 'n bejaarde man was (b.8, c.1, d.6, e.7, f.8).

Toe die tweede Vryheidsoorlog uitbreek was hy woonagtig in Burgersdorp distrik en is deur die Republikeinse magte opgekommandeer en dadelik deur ongeveer 600 burgers tot Kommandant gekies. (Aldus op Bladsy 223 van die Eufees-Gedenkboek-Burgersdorp 1846-1946). Hy en sy burgers het in die slag van Stormberg geveg. Hy het o.a. ook deelgeneem aan die gevegte by Sannaspos en Sandrivier. Voor die driejarige oorlog d.w.s. gedurende 1886 was hy as Vrederegter en Veldkornet aangestel. Hy het ook deelgeneem in die Kafferoorlog van 1877-1878, wat bekend was as Gongubella se oorlog.

Na die driejarige oorlog het hy na Europa gegaan en gehelp met die insameling van fondse vir die beproefde vrouens en kinders uit die Konsentrasiekampe.

Met sy terugkoms in ons Vaderland in 1903 moes hy voor die Hof verskyn as rebel, maar hy is nie gestraf nie. Hy het 'n betrekking as Skaapinspekteur aanvaar en was later Senior-Skaapinspekteur van Namaqualand.

Op Bladsy 223 van die Eufees—Gedenkboek van Burgersdorp word gemeld dat Dr. Louis Steenkamp L.V. 'n kleinseun van die Kommandant is. Dit is foutief want die Kommandant was 'n oom van Dr. L. Steenkamp se vader.

Die Kommandant se oudste seun Tjaart Johannes het ook op sestienjarige leeftyd wapens in die driejarige oorlog opgeneem en het o.m. aan die Stormberg-Veldslag deelgeneem.

Die Kommandant se jongste seun wat na hom heet was gedurendc die 1914-1918 wêreld oorlog 'n vlieënier in Oos—Afrika en het op 20 Mei, 1916 op Mbuyini, Oos-Afrika gesneuwel.

KOMMANDANT LUKAS PETRUS STEENKAMP (b.10, c.1, d.2, e.7)

Hy het op die plaas Kromdraai, Distrik van Koppies gewoon. Dit is nog die familie plaas en die huidige eienaar daarvan is die Kommandant se kleinseun Petrus Johannes gebore op 13 Julie 1940, en hy en sy vrou het gedurende die saamtrek van die Steenkamps op die plaas op 1 Januarie, 1965 'n kind Lukas Petrus, deur Ds Maritz laat doop.

Die Kommandant was reeds 54 jaar oud met die uitbreek van die driejarige oorlog en was toe as Kommandant aangestel. Hy het deelgeneem aan verskillende gevegte o.a. in Britstown. Hy is op 23 April, 1919 in Heilbron distrik oorlede.

KOMMANDANT PIETER STEFANUS (b.7, c.2, d.6, e.2, f.2)

Die Kommandant was die oudste seun van Jacobus Christoffel Steenkamp en Francina Magdalena Johanna Basson en is op 28 November, 1845 gebore en getroud op 22.4.1865 met Maria Elizabeth Dorothea Breytenbach Hy was woonagtig in Rustenburg distrik en was Kommandant in die Rustenburgse Kommando gedurende die driejarige oorlog. Hy en sy vrou het geen kinders verwek nie maar hulle het vyf kinders aangeneem en grootgemaak. Hy is op 3 Februarie, 1920 oorlede en sy erfgenaam was Daniel Sarel du Toit. (B.J seun).

EMIGRANTE NA ANDER LANDE.

Dit is moeilik om vas te stel hoeveel manne met die van Steenkamp na ander lande geëmigreer het. Alleenlik diegene wat aan die skrywer bekend gemaak is kan genoem word.

Andries Petrus (b.8, c.1, d.6, e.9, f.3, g.3) gebore 23.11.1877 het 'n paar jaar na die driejarige vryheidsoorlog na Argentinië verhuis en is in Alumine, Suid Amerika met Catharina Susanna Joubert getroud. Sy kinders is op Chubut, Argentinië gedoop. Die jongste is op 16.9.1925 gebore. Dit is nie bekend wanneer hy na Suid-Afrika teruggekeer het nie maar dit was voor 1943 want hy is op 10.7.1943 in Johannesburg oorlede (Boedel 3266/ 1943 Transvaal).

Johannes Lodewiekus, jongere broer van Andries Petrus en wat gedurende 1891 gebore is het ook na Argentinië, heel moontlik saam met sy ouere broer, verhuis maar hy het voor 1923 na Suid-Afrika teruggekeer en is op 15.12.1923 in die N.G.Kerk, Kimberley getroud.

Pieter Stefanus Albertus (b.7, c.2, d.5, e.9, f.4)

Hy is op 30.1.1865 gebore en was in Standerton distrik woonagtig maar het omtrent die jaar 1908 met sy familie na Kenya verhuis en is aldaar oorlede. Sy oudste seun wat sy naam dra is met Anne Barendina du Plooy getroud en hulle oudste seun wat na die oupa heet het na Suid-Afrika verhuis. Hy was 'n bekende offisier in die Kenya Polisiemag en het deel geneem met die onderdrukking van die Mau Mau opstand.

Thomas Petrus (b.7 c.2, d.5, e.9, f.10)

Hy is op 12.5.1882 gebore en het omtrent 1908 d.w.s. dieselfde tyd as sy ouere broer na Kenya verhuis en hom aldaar gevestig maar van sy kinders wat daar gebore is het na Suid-Afrika geëmigreer.

Lucas Petrus (b.10, c.1, d.1, e.4, f.1, g.3)

Hy is op 21.1.1893 gebore en is in Chesterfield, Engeland met Maud Martha Elizabeth Wood getroud. Hy het op Kapwe, Katanda, Belgiese Kongo gaan woon en toe hy op 29.12.1929 in die noordelike dele van die Kaap Provinsie oorlede is, was op die Sterfkennis wat by die Meesters Kantoor, Kimberley ingedien was, geskrywe dat die oorledene in die Belgiese Kongo woonagtig was.

Johan David (b.13, c.5, d.7, e.3)

Hy het gedurende 1908 na Rhodesië verhuis en is aldaar oorlede maar sy seun Johan David het na die Republiek van Suid-Afrika gedurende 1958 teruggekeer en is nou in die Vrystaat woonagtig. Sy ander seun Gerhardus is ook nou vanaf 1962 in die Republiek van Suid-Afrika woonagtig.

GENEALOGIESE HOOF.

Daar behoort in elke familie 'n genealogiese hoof te wees en dit is somtyds moeilik om vas te stel wie die eersgeboorte-regverkrygende van die Stamvader wat hom in Suid-Afrika gevestig het, is en wat aan die hoof van die stam staan. As die beginsel van eersgeboortereg aanvaar word dan vergemaklik dit die proses om af te werk tot die huidige geslag wie in die erflikheidslyn as hoof aanvaarbaar sal wees. As met die Stamvader begin word dan word die volgorde soos hieronder uiteengesit, gekry.

(a) Jan Harmensz, die Stamvader.

(b) Jan Harmen of Johannes Harmen ook Johannes Hermanus, die sewende kind en oudste oorlewende seun van (a) wat nageslag gehad het.

(c) Jan Harmse, die tweede kind en oudste seun van (b). Dit was op sy testament dat die lakseël van die moontlike familie wapen gevind was.

(d) Johannes Harmen gedoop 25.2.1790. Hy is die tweede seun van (c). Die oudste seun het geen nageslag gehad nie en is moontlik jonk oorlede of het nooit getrou nie.

(e) Jan Harmen gebore 9.1.1810. Hy is die oudste seun van (d).

(f) Jan Harm gebore 30.6.1832. Hy is die oudste seun van (e).

(g) Jan Harm gebore 7.8.1856. Hy is die oudste seun van (f).

(h.I) Jan Harm gebore 12.4.1882. Hy is die oudste seun van (g) maar is sonder nageslag op 16.10.1901 as Krysgevange oorlede.

(h.II) Pieter Gert Wessel gebore 17.7.1900. Hy is 'n jongere broer van (h.I) en die tiende kind van (g) en is op 23.8.1965 oorlede. Sy vyf ouere broers is almal jonk oorlede.

(i) Jan Harm gebore 7.11.1928. Hy is die oudste seun van (h.II) en is met Anna Maria Francina Bekker getroud. Hulle oudste seun Pieter Gert Wessel gebore 25.1.1953 is dus, as 'n Koninklike uitdrukking gebruik mag word, die erfprins en hy saam met sy ouers woon op Klerksdorp waar sy vader 'n Vervoerkontrakteur is.

Laat vertrou word dat altyd 'n manlike Steenkamp as hoof van die stam sal wees en nie 'n vroulike persoon wat haar van mag verander nie.

TWEELINGE.

Tweeling geboortes het nogal taamlik in die Steenkamp geslag voorgekom. Dit word nie beweer dat die onderstaande lys volledig is nie.

(a) Casper Jan Hendrik (b.8, c.1, d.11) en Johanna Maria Steyn, tweeling seun en dogter gebore op 3.10.1843.

(b) Casper Jan Hendrik (b.8, c.1, d.11, e.1, f.7) en Johanna Maria gebore Steenkamp, het driekeer 'n tweeling tussen die jare 1878 en 1891 verwek maar nie een paar was identies nie.

(c) Andries Petrus (b.8, c.l, d.6, e.7, f.1, g.2) en Johanna Alida Elizabeth Erasmus het driekeer 'n tweeling tussen die jare 1894 en 1906 verwek.

(d) Hendrik Stephanus (b.8, c.l, d.6, e.1, f.3, g.4, h.7) en Elsie Johanna Jacoba Barnard het gedurende 1933 identiese tweeling seuns verwek maar een is voor doop oorlede.

(e) Lucas Petrus (b.10, c.1, d.1, e.3) en Beatrix Maria Magdalena Sieberhagen - sy tweede vrou - gedurende 1912.

(f) Jacobus Abraham (b.10, c.4, d.3, e.9) en Alida Maria Taljaard, gedurende 1908.

(g) Johannes Jacobus (b.10, c.1, d.2, e.3, f.2) en Maria Jacoba Joubert, gedurende 1910.

(h) Daniel Benjamin (b.10, c.l, d.1, e.4, f.6, g.5) en Elsie Elizabeth Margaretha Hattingh, gedurende 1944.

(i) Jan Lambrecht (b.10, c.5, d.2, e.9) en Jacoba Conradus Lubbe, gedurende 1912 -tweeling seuns.

(j) Andries Jacobus (b.10, c.5, d.2, e.11) en Christina Hester Freeman, tweeling dogters gedurende 1902.

(k) Willem Michiel (b.10, c.5, d.3, e.7, f.4) en Louisa Petronella Johanna Geldenhuys, tweeling seuns gedurende 1914.

(1) Gert Johannes Zacharias (b.10, c.5, d.2, e.1, f.9) en Anna Magritha Jacoba Grove, tweeling seuns gedurende 1924.

(m) Jan Harmse (b.11, c.10, d.2, e.1, f.11) en Catharina Susanna Grobler, tweeling seuns gedurende 1910.

(n) Douw Gerbrand (b.8, c.1, d.11, e.11, f.14, g.1) en Maria Magdalena Naude, gedurende 1960 'n seun en dogter.

(o) Gerrit (Gert) Jacobus (b.11, c.8, d.13, e.2) en sy tweede vrou Susanna Jacoba Catharina Magdalena gebore Steenkamp, tweeling seuns gedurende 1881.

(p) Willem Jacobus (b.11, c.10, d.1, e.3, f.1) en Anna Louise van der Merwe, tweeling dogters gedurende 1896.

(q) Floris Willem (b.11, c.10, d.5) en sy derde vrou Johanna Barendina Vermeulen, tweeling seuns gedurende 1884.

(r) Willem Adriaan (b.11, c.4, d.6, e.9, f.4) en Anna Maria Magdalena gebore Steenkamp, tweeling dogters gedurende 1908.

(s) Elias Albertus Nel (b.11, c.4, d.6, e.9, f.9) en Wilhelmina gebore Steenkamp, dogter en seun gedurende 1912.

(t) Jacobus Hendrik Johannes (b.11, c.10, d.1, e.1, f.14) en Regina Fredrika Margaretha de Bruyn, tweeling seuns gedurende 1918.

(u) Gert Jacobus (b.11, c.8, d.13, e.2, f.4) en Anna Helena du Toit, tweeling seuns gedurende 1912.

(v) Christiaan Jacobus (b.11, c.4, d.6, e.1, f.10) en Johanna Jacoba van Zyl, tweeling dogters gedurende 1907.

(w) Jan Harmse (b.11, c.4, d.8, e.4, f.3) en Hester Josina Nel, tweeling seuns gedurende 1920.

(x) Lourens Christian (b.11, c.10, d.2, e.5, f.1, g.2) en Sophia Catharina Botha, tweeling seun en dogter gedurende 1904.

(y) David Johannes (b.13, c.8, d.4, e.3, f.1, g.5) en sy tweede vrou Rosalina Bouwer, tweeling seuns gedurende 1927.

(z) Johannes Nicolaas Rudolph (b.13, c.8, d.4, e.3, f.1, g.5) en sy tweede vrou Rosalina Bouwer, tweeling seuns gedurende 1927.

(aa) Jacob Diederik (b.13, c.5, d.7, e.6, f.1) en Gertruida Christina Emmenis, tweeling dogters gedurende 1917.

(bb) Jacob Johannes (b.8, c.1, d.6, e.3, f.4, g.3) en Anna Hendrina Sophia Kotze, tweeling dogters op 23.4 1922.

DRIELINGE.

Die geboorte van 'n drieling is maar skaars in die Steenkamp familie. Daar was alleenlik twee gevalle so ver as wat opgespoor kon word.

(a) Theunis Johannes Marthinus (b.8, c.1, d.11, e.1, f.7, g.7, h.4) en Johanna Maria van Wyk is die ouers van 'n drieling (een seun en twee dogters) wat op 18.5.1958 gebore is. Sy groot ouers aan vader' s kant was die ouers van drie gevalle van tweelinge.

(b) Johannes Alidaris (b.8, c.1, d.13, e.5, f.4, g.5, h.2) en Helena Joubert is die ouers van identiese drieling dogters wat op Januarie 21, 1947 gebore is.

GOUE BRUILOF

Die volgende egpare het hulle goue bruilof gevier. Dit word nie beweer dat die lys volledig is nie:-

(a) Barend Willem Jacobus (b.7, c.2, d.10, e.3) en Susanna Johanna Petronella Caspernetta Potgieter, getroud op 2.10.1850.

(b) Jan Harmen (b.7, c.2, d.3, e.2, f.6) en Maria Jacoba Magdalena Odendaal, getroud op 28.6.1875.

(c) Jan Philippus Lourens Marthinus (b.7, c.2, d.5, e.7, f.1) en Margaretha Johanna van Schalkwyk, getroud op 19.1.1874.

(d) Jan Harm (b.8, c.1, d.6, e.1, f.1, g.3) en Martha Christina Kruger, getroud op 18.10.1880.

(e) Hendrik Stefanus (b.8, c.1, d.6, e.1, f 8) en Adriena Petronella van Wyk, getroud gedurende 1881.

(f) Johannes Hendrik (b.8, c.1, d.6, e.3, f.3) en Petronella Coetzee, getroud op 5.10.1863.

(g) Jan Harm (b.8, c.1, d.6, e.3, f.4) en Anna Elizabeth Kruger, getroud op 28.12.1868.

(h) Johannes Lodewicus (b.8, c.1, d.6, e.7, f.2) en Cecilia Johanna Venter, getroud op 19.1.1863.

(i) Tjaart Johannes (b.8, c.1, d.6, e.7, f.6, g.1) en Martha Carolina Bauermeester, getroud 24.6.1895.

(j) Willem Frederik (b.8, c.1, d.6, e.7, f.6, g.4) en Hester Johanna Venter, getroud op 25.7.1915.

(k) Douw Gerbrandt (b.8, c.1, d.11, e.5, f.1) en Anna Johanna Francina gebore Steenkamp, getroud op 1.6.1874.

(l) Petrus Jacobus (b.8, c.1, d.11, e.1, f.6, g.6) en Louisa Catharina Jacobs, getroud op 31.10.1905.

(m) Gabriel (b.8, c.1, d.6, e.7, f.2, g.4) en Elizabeth Aletta Jakoba Strydom, getroud op 9.9.1891.

(n) Johannes Jacobus (b.10, c.1, d.2) en Alida Cornelia van Kraayenberg, getroud op 6.10.1833.

(o) Gerhardus Albertus (b.10, c.5, d.3, e.3) en Anna Magdalena Taljaard of Alida Maria Taljaard, getroud op 28.8.1879.

(p) Floris Petrus Johannes (b.11, c.10, d.2, e.1) en Hester Agnesse Holtzhausen, getroud 9.7.1852.

(q) Albertus Nicolaas (b.11, c.10, d.2, e.10) en Francina Johanna Holtzhausen, getroud op 7.12.1861.

(r) Casper Jan Hendrik (b.11, c.4, d.13) en Margaretha Maria Mostert, getroud op 14.1.1834.

(s) Jan Harmse (b.11, c.4, d.8) en Jannetjie Deborah Kotze, getroud op 28.12.1846.

(t) Jan Harmse (b.11, c.4, d.10, e.1) en Maria Magdalena Kotze, getroud op 26.7.1858.

(u) Gert Jacobus Johannes (b.11, c.8, d.5, e.1) en Anna Maria Jacoba Botha, getroud op 13.9.1847.

(v) Willem Petrus (b.11, c.10, d.4, e.5) en Jacoba Maria Moolman, getroud op 26.1.1863.

(w) Willem Johannes Paulus (b.11, c.4, d.9, e.2, f.1) en Maria Cornelia Engelbrecht, getroud op 21.9.1884.

(x) Willem (b.11, c.13, d.1, e.8, f.1) en Christina Maria Coetzee, getroud op 19.1.1891.

(y) Jacob Hendrik (b.13, c.2, d.2, e.4, f.3) en Johanna Cornelia Basson, getroud op 4.5.1868.

(z) Willem Francois (b.13, c.8, d.4, e.7, f.6) en Magdalena Francina van Aardt, getroud op 6.4.1897.

DIAMANT BRUILOF.

Die volgende egpare het hulle diamant bruilof herdenk. Dit word nie beweer dat die lys volledig is nie.

(a) Thomas Ignatius Hermanus (b.7, c.2, d.3, e.2, f.2) en Susannah Engela Vermaak getroud op 17.8.1868.

(b) Jan Harm (b.7, c.2, d.3, e.5, f.3, g.3) en Cornelia Christina van Rooyen getroud op 10.5.1897.

(c) Gert Frans Hendrik (b.8, c.l, d.6, e.7, f.l, g.7) en Margaretha Debora Schoeman getroud op 6.9.1897.

(d) Johannes Paulus (b.11, c.4, d.10) en Hester Sybella (Isabella) van Zyl getroud op 3.3.1833.

(e) Willem Casparus (b.11, c.13, d.1, e.3, f.1) en Wilhelmina Petronella Jacoba Louw getroud op 15.1.1882.

(f) Casper Jan Hendrik (b.8, c.5, d.3, e.8) en Judith Magdalena Fick getroud op 24.1.1861.

PLEKNAME.

Ongelukkig is daar nie veel plekke wat na 'n Steenkamp of iemand in noue verwantskap, genoem is nie. Daar is 'n berg in die Lydenburg distrik wat Steenkampberg genoem word en dit word vertel dat ene Willem Steenkamp (b.13, c.8, d.4), wat gedurende die 1840 jare van Calvinia getrek en hom in die omgewing van die berg gevestig het, die berg die naam gegee het
.
Daar is in die Burgersdorp distrik 'n plaas Bondspruit wat 'n gedeelte was van die plaas Dwaalfontein wat aan Jan Harm Steenkamp (b.8, c.1, d.6, e.1) behoort het. 'n Gedeelte was deur sy dogter en skoonseun Andries Michiel de Kock geërf. Nie ver van die opstal vloei 'n spruit. Kort na die Afrikaner Bond Politieke Party in die Kaap Provinsie gestig was, het die Stormberg-boere op die plaas van Oom Andries de Kock byeengekom met die doel om 'n tak van die Party te stig. Dit is toe gedoen en na die vergadering het oom Jan van Aswegen, skoonvader van Louw Steytler L.V. aan oom Andries voorgestel dat aangesien die plaas nog nie 'n afsonderlike naam het nie hy dit Bondspruit behoort te noem. So gesê so gedaan en van daardie tyd af is die plaas bekend en so geregistreer as Bondspruit.

SAAMTREK VAN DIE STEENKAMPS.

Op 31 Desember, 1964 het die saamtrek van die Steenkamps op die Plaas Kromdraai, Koppies distrik begin, d.w.s. 250 jaar na die huwelik van die stamvader in Suid-Afrika. Die saamtrek het vier dae geduur maar weens swaar reëns 'n dag of twee voor die datum was die opkoms teleurstellend. Voor die huis op die plaas is 'n gedenkplaat opgerig. Die woorde daarop is "Hier het die Steenkamp Stam van die Republiek van S.A. op 31 Desember, 1964 tot 3 Januarie, 1965 saamgetrek en fees gevier, 250 jaar na die eerste vermelding van die naam Steenkamp op 14 Oktober 1714 in die Suidelike halfrond van Afrika."

Die Voorsitter van die Komitee wat die saamtrek gereël het, was Frederik Petrus Meintjies eggenoot van Hendrina Christina Steenkamp (b.10, c.1, d.2, e.8, f.1, g.10) en die Sekretaris was Abraham Jacobus Steenkamp (b.13, c.5, d.7, e.6, f.4, g.1).

Die reëlings wat deur die Komitee getref was, was uitstekend maar omrede die swak opkoms was die saamtrek vanuit 'n finansiële oogpunt beskou nie 'n sukses nie. By die saamtrek was daar borde, asbakkies, lepels en vurke met die Steenkamp wapen daarop aangebied en verkoop. Sy Edele Meneer Henning Klopper, L.V. en Speaker van die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika het die verrigtinge geopen.

Kerkdiens was Nuwejaarsdag môre deur Ds. Maritz van die Gereformeerde Kerk, Parys, gehou. Ongelukkig kon nie een van die Steenkamppredikante die saamtrek bywoon nie en Ds. Maritz wie se moeder 'n Steenkamp is, het toe in die bres getree. By die diens is drie kinders gedoop waarvan die een se ouers nie Steenkamp is nie maar die ouma van die kind op moeder's kant wel.

Die ander twee is die kinders van Petrus Johannes (b.10, c.1, d.2, e.7, g.1, h.2) en Thomas Ignatius (b.7, c.2, d.3, e.2, f.3, g.6, h.4, i.1) onderskeidelik.

NAGESLAG VAN b7.

b.7. Johannes (Jan) Harmen ged. 3.12.1724, oorl. 21.9.1762. Get. I. 26.9.1756 met Helena van Vuuren, oorlede 5.1.1759. Get. II. 12.10.1760 in die Gemeente Drakenstein met Susanna Minnaar ged. 17.7.1740. Sy is weer op 23.9.1763 met C. Schutte getroud.

c.1. Helena ged. 28.1.1759 in die Gemeente Drakenstein, oorl. 1.3.1759.

c.2. Jan Harmse ged. 9.8.1761. Hy was 'n burger op Stellenbosch. Get. I. 6.4.1783 met Anna Elizabeth van Vuuren. Get. II. 3.2.1788 met Johanna Helena du Plessis ged. 21.5.1769.

d.l. Johannes Lucas ged. 20.7.1785.

d.2. Johannes Harmen ged. 25.2.1790, oorl. 1831 (Boedel 9742/1832 Kaap). Smaldeel, Tarka Wyk, Cradock Gemeente. Hy was Veld-Kornet in Tarka Wyk. Die familieplaas was Beestekraal. Get. 26.12.1808 met Anna (Maria) Petronella Potgieter ged. 15.12.1793 d/v Jacobus Potgieter en Maria Margaretha de Wet, oorl. 1837 erens in die O.V.S. Sy is weer op 14.4.1832 in die N.G.Kerk, Cradock met Wentzel Christoffel Coetzer, getroud.

e.l. Jan Harmen geb. 9.1.1810 ged. 2.7.1810, oorl. 7.8.1840 in die Groot brand van die Voortrekkers' Laer. Get. 5.6.1831 in die N.G. Kerk, Cradock, met Anna Maria Jacomina du Plessis, geb. 1814/1815. Sy is weer met Christoffel Snyman getroud. Jan Harmen het in die slag van Bloedrivier deelgeneem.

f.1. Jan Harm geb. 30.6.1832 ged. 25.12.1832 op Cradock, oorl. 29.3.1876 op Pretoria (Boedel 538/1876 Tvl.). Get. met Theunetta Johanna Kruger.

g.1. Hilletjie Maria Margaretha geb. 1859, oorl. 21.1.1895 (Boedel 9753O Transvaal). Get. 4.9.1875 in die Gereformeerde Kerk, Pretoria met Pieter Jacobus Potgieter, geb. 1853/1854.

g.2. Jan Harm geb. 7.9.1856 ged. 8.3.1857 in die Herv. Kerk, Rustenburg, oorl. 20.10.1925 (Boedel 58928 Transvaal). Get. 4.8.1879 met Christina Jacoba Roets, geb. 1861, oorl. 9.9.1933 (Boedel 3829/39 Transvaal). Gewoon op Beestekraal, Rustenburg Distrik.

h.1. Jan Harm geb. 12.4.1882 ged. 15.10.1882 in Ger. Kerk, Pretoria, oorl. 16.10.1901 as Krygsgevangene in Aanklag Kantoor, Krugersdorp (Boedel 17997° Transvaal) — Ongetroud.

h.2. Nicolaas Johannes Rudolph geb. 28.8.1884 ged. 5.10.1884, Ger. Kerk, Pretoria.

h.3. Elsie Francina geb. 22.6.1886 ged. 28.11.1886 in Ger. Kerk Pretoria. Get. 15.4.1903 deur Landdros, Rustenburg met Hendrik Lourens Marthinus du Plessis, geb. 1876/77.

h.4. Teunetta Johanna geb. 8.11.1887 ged. 11.12.1887 in Ger. Kerk, Pretoria. Get. 21.6.1904 in Ger. Kerk, Rustenburg met Johannes Hermanus Minnaar geb. 1877/1878.

h.5. Hendrik Adriaan geb. 4.12.1889. Jonk oorlede.

h.6. Nicolaas Johannes Rudolph geb. 1891. Jonk oorlede.

h.7. Christina Jacoba geb. 1892. Jonk oorlede.

h.8. Theunis Johannes geb. 1895. Jonk oorlede.

h.9. Sophia Maria Margaretha geb. 1898. Jonk oorlede.

h.10. Pieter Gert Wessel geb. 17.7.1900. Oorl. 23.8.1965 (Boedel 7590/1965 T.) Get. I. met Anna Alida Petronella du Plessis, geb. Nov. 1906 op Brits oorlede op 2.10.1936. (Boedel 95404 Transvaal). Get. II. 25.5.1938 met Maria Cornelia Marais.

i.1. Jan Harm geb. 7.11.1928. Get. met Anna Maria Fransina Bekker, geb. 7.10.1932.